WAWIEL WAPADRAND

Jaargang 37 Vol 1

INHOUD

- INHOUD ..... BL 2
- STILTETYD..... BL 3
- SPORE VAN HOOP ..... BL 4-5
- BESTUURSLEDE ..... BL 6
- REDAKSIONEEL ..... BL 7
- UIT DIE VOORSITTER SE PEN ..... BL 8 - 9
- SENIOR BURGERS ..... BL 10
- JEUG ..... BL 11
- KWARTAALKAMPE ..... BL 12 – 17
- LIEF & LEED **BL 18**
- VERJAARSDAE & HUWELIKHERDENKINGS BL 19
- RESEPTE ..... BL 17
- KAMPKENADES ..... BL 20
- JAARPROGRAM..... BL 21
- VAKANSIEDAE ..... BL 22

STILTE TYD

GOD VERSORG ONS

(Psalm 23:5)

God hou daarvan om ons gelukkig te maak. Hy weet dat ons lewe soms stukkend is. Die donker dieptes waarvan Psalm 23 praat, breek ons soms.

In die psalm kyk die digter terug op die geskiedenis. Hy onthou hoe God soos ‘n herder sy mense in die dorre woestyn versorg het, hoe hulle niks kortgekom het nie. Soos skape na ‘n harde dag vol gevare na die kraal terugkeer, so is dit ook met die mense wat aan God behoort – ons.

Ons HERDER word dan soos iemand wat vir ander lekker kosmaak. Die digter beklemtoon hierdeur dat God nie ‘n God is wat net in die verlede gewerk het nie. Hy is ook die God wat die toekoms in sy hande hou.

Hierdie toekoms is vol van sy liefde, versorging en nabyheid. Jy is op pad na die groot maaltyd van die Lam van God. Daar sal jy ook feesvier saam met al die mense van God – vir altyd by Hom.

Jou toekoms is seker, want God se sorg hou nie op nie.

(*Dagstukke vir bedrywige mense – Annes Nel)*

SPORE VAN HOOP

Psalm 46:11 – “Bedaar en erken dat Ek God is, hoog bo die nasies, hoog bo die aarde”.

Psalm 46 beskryf ‘n wêreld in chaos: die aarde wat wankel, berg wat in die see val en nasies wat raas. Tog verklaar die psalmdigter dat God ons toevlug en sterkte is.

In 2026 voel dit vir baie asof die aarde wankel. Politieke onstabiliteit, klimaatsuitdagings, sosiale verdeeldheid en vinnige tegnologiese veranderinge skep ‘n gevoel van voortdurende krisis. Ons is gewoond daaraan om besig te wees – om self oplossings te soek, die nuus dop te hou en Beheer te probeer neem.

God nooi ons egter uit na iets radikaal anders: stilte. Stil word is nie maklik nie. Dit verg dissipline om die foon neer te sit, jou gedagtes te laat bedaar en eenvoudig te erken: “U is God; ek is nie”.

In daardie stilte ontdek ons weer wie Hy is – die Soewereine Heerser wat verhef is bo elke nasie en elke krisis.

SPORE VAN HOOP

Hy het al baie storms in die geskiedenis deurstaan: oorloë, pandemies en ekonomiese ineenstortings. Hy bly dieselfde.

Prakties beteken dit dat jy tyd maak vir gebed en stiltetyd, selfs al voel dit onproduktief. Begin met vyf minute. Sê hardop: "Here, ek is stil. U is God." Laat sy Woord jou herinner aan sy trou in die verlede. Kyk na jou eie lewe en sien hoe Hy jou al gedra het.

Hierdie praktyk verander jou perspektief: probleme word nie kleiner nie, maar God word groter in jou oë. Wanneer jy stil word, kry jy nuwe krag om die dag aan te pak. Jy reageer met geloof eerder as uit vrees. Jy word 'n bron van stabiliteit vir ander.

In 'n lawaaierige wêreld is die wat in God se stilte leef, dikwels die kalmste en mees doeltreffende mense. Mag jy vandag die uitnodiging aanvaar: Wees stil en weet dat Hy God is.

Gebed: Here, U is ons toevlug. Help ons om stil te word in U teenwoordigheid. Amen

(Ds Lisa-Mari Prinsloo #sjemoed #diakens #leefbetekenisvol)

(Bydrae gelewer deur Janetta Toerien)



Addisionele Lid:
Hoepfner Wiese

hwiese24@gmail.com
082 381 4247

Sekretaresse: Janetta Toerien

076 253 5577



Wapadrandsek@sawa.org.za
Janettatoerien@gmail.com



Voorsitter: Andy Toerien
Toeriena@outlook.com : 082 256 5044



Redaktrise
Geraldine Müller

Muller.sj@outlook.com
083 490 3588



Andriëtte Jacobs

Aitjie57.aj@gmail.com
0828223553



Penningmeester:
Danie du Plessis

danieduplessis@live.co.za 082 551 0114

REDAKSIONEEL



Goeie dag Wapadranders

Die tyd vlieg nou te vinnig verby en oor 3 maande is dit vakansietyd vir baie van ons.

Maar eers moet die kinders eksamen skryf en ons wens hul alles van die beste toe. Tussenin is daar darem ‘n kort blaaskansie vir die skoliere en gradeerders.

Die afgelope 9 maande is mooi herinneringe met ons medekampeerders gemaak.

Ek en Sep het nou eers klaar vir die jaar saam met Wapadrand gekamp Hy kry nog steeds sy ooginspuitings en ek gaan volgende week en die week daarna vir lensvervangings en einde September kry ek ‘n splinternuwe knie. Dink nou net hoe gaan die metaalverklikker te kere gaan as ek nou deur die lughawe se hek moet gaan!! Ons toer Kaap toe vanaf 12 November.

Moenie bekommerd wees nie ek gaan nog steeds die Wawiel uitbring. Gelukkig het ons ‘n span wat graag hul foto’s en bydraes gee vir plasing. Dankie dat julle so ‘n wonderlike span is.

Tot volgende keer.

Geraldine

UIT DIE VOORSITTER SE PEN



‘n Voorsitter het ook altyd iets te sê

Liewe Wapadranders

Terwyl ek hier sit en terugdink aan die afgelope tyd, besef ek weer hoe vinnig die dae by ons verbyglip. ‘n Mens dink dikwel daar is nog baie tyd oor, maar voor ons weet, staan ‘n nuwe jaar alweer voor die deur.

Dit herinner my daaraan dat ons eintlik net vandag het – vandag se kuier, vandag se omgee en vandag se geleenthede om iets vir mekaar te beteken.

Dit is met swaar harte dat ons dink aan die afsterwe van Lucille Groenewald. Ons dra haar geliefdes in ons gebede op, en dink ook aan elkeen in ons Wapadrand-familie wat tans met swak gesondheid worstel.

Die Gebiedskamp by Weesgerus is deur 2 van ons Wapadranders bygewoon. Dit was vir my opvallend – en vreemd – dat die meeste kampeerders nie uit ons eie gebied was nie.

Die AJV by Rotsinbos het vir my baie goed afgeloop. Dit was ‘n voorreg om die Gebiedsvoorsitter, Francois Groenewald en sy vrou as eregaste by ons te hê. Francois het ook as spreker vir die naweek opgetree. Namens die nuwe bestuurspan wil ek uit my hart dankie sê vir elke Wapadrandlid wat ons genomineer het en julle vertroue in ons gestel het om julle te verteenwoordig.

UIT DIE VOORSITTER SE PEN



‘n Voorsitter het ook altyd iets te sê

Die bestuurspan het grootliks dieselfde gebly, met twee veranderinge: Hoepfner Wiese is nou ondervoorsitter en ons verwelkom Andriette Jacobs as addisionele lid.

Ons was ook self bevoorreg om vir net meer as ‘n week by Onverwags saam met drie ander Wapadranders te kamp: Seppie en Geraldine Müller, Wynand & Betsie Theron asook Chris & Daleen Pienaar. Die kamp, wat deur Streek Rietvallei gereël is, was gevul met stories, lag, lekker kuier, wildritte, stap, elektriese fietse ry en daardie genotvolle samesyn wat kamp so spesiaal maak. Ná hierdie ervaring sien ek regtig uit na die Gebied se beplande saamkamp in 2027 – ek glo dit gaan iets besonders wees.

Die kampprogram wat tydens die AJV voorgelê is, is aanvaar. Die program sluit die geleentheid in om vier (4) van ons agt (8) kampe met die res van die Jakarandagebied te deel.

Ek sien uit daarna om saam met julle nuwe herinneringe te maak, vriendskappe te versterk en nog baie lekker kampvure en kuiers te deel.

Andy

SENIOR BURGERS




Danie & Eleanor du Plessis



Willy & Andriëtte Jacobs



Dawie & Bettie Mullins



Seppie & Geraldine Müller



Wynand & Betsie Theron



Chris & Daleen Pienaar



Johan & Caron Swanepoel



Andy & Janetta Toerien



Hoepfner & Elsa Wiese

‘n Senior Burger is iemand wat nog groei, wat nog leer, met potensiaal, en wie se lewe belofte inhou vir skakeling met die toekoms.


Met ons senior burgers gaan dit goed en hul kamp gereeld saam.

JEUG

Met ons jeug gaan dit goed. Dit is altyd vir ons baie lekker as hul saam kamp. Hier is ‘n paar foto’s van Logan en Liam Müller tydens ons saamtrek by Rotsinbos. Die tweetjies het die Saterdagoggend besluit genoeg is genoeg en hul goedjies gevat en getrek! Net na die oorkant die pad toe. Hier het hul heerlik gespeel.



Hul nuwe plek!




Boeties wat heerlik saamspeel



Die denker en die grapjas.



Boetieliefde






Foto geleen: Rotsinbos Website

AJV TE ROTSINBOS

Hierdie was een van ons nuwe kampe, want soos wat die Wapadranders maak moet ons elke jaar ‘n nuwe kamp besoek. Wat ‘n groot verrassing.

Die terrein is mooi. Groen grasperke om die swembad en genoegsame ander geriewe soos ‘n saal vir vergaderings/konferensies. Staanplekke is groot genoeg en die ablusiegeriewe is voldoende.

Ons het die Saterdagoggend die AJV gehou en dit het baie goed afgeloop. Na die vergadering het ons afgewyk van die normale en het besluit om ‘n koek en tee te hou. Gewoonlik hou ons dit vir ‘n Sondag na kerk, maar sommiges van ons het die Sondag saam met Rietvallei, Kiepersol en Olifants vir ‘n week by Onverwags gaan kamp .

Saterdagaand het ons heerlik gebraai en saam rugby gekyk. Seppie was so gaaf om sy TV saam te bring vir die okkasie.

Die tafels het weer gekreun onder die heerlikste disse.

Sondagoggend het ons kerkdiens gehou en diè wat moes verder kamp het opgeslaan en die grondpad na Onverwags aangedurf.

By Onverwags het daar toe nog 2 Wapadranders by ons aangesluit. Chris en Daleen Pienaar en Wynand en Betsie Theron.

Ons het heerlik saam met die ander Sawanante gekuier en ons sien regtig uit daarna om volgende jaar weer saam met die gebied te kamp



Lynette en Reinardt van Rensburg


Die Müller-gesin saam met Andy Toerien.
Logan en Liam, René & Vernon


Die manne sit en rugby kyk


Die mooi van die aand


Lynette, Reinardt en Andy



Wag vir die rugby om te begin



Die mooi van die natuur



Grapjas en die denker.
Reinardt & Andy



Twee boeties wat baie lief is vir mekaar. Logan & Liam Müller







Vlnr: Seppie & Geraldine Müller, Andy & Janetta Toerien, Willy & Andriëtte Jacobs en Eleanor & Danie du Plessis.

AJV ROTSINBOS

Die vergadering het baie goed afgeloop. Hier luister van die Sawanante wat Andy Toerien te sê het.

Janetta Toerien – ons staatmaker-sekretaresse luister ook aandagtig wat haar man Andy te sê het.

Hier is die nuwe bestuur saam met hul gades.

ONVERWAGS:

Wat ‘n heerlike onverwagse verrassing! Die vorige keer wat ons hierdie kampterrein besoek het, was hier die mínimum geriewe.

Die “plaasdam” wat nou omskep is in ‘n heerlike swembad wat nou vir almal toegangklik is, is beslis ‘n pluspunt. Die bou van die glybaan, swembad en ook van die ander aktiwiteite gaan van hierdie oord beslis ‘n “ek kom weer terug” oord maak. Hier is uitsonderlike aktiwiteite om die kinders mee besig te hou.

‘n Groot pluspunt is die motorfietse wat ons kon gebruik het. Daar was tweewiel en driewiel motorfietse. Die Rietvalleiers en Wapadranders het van die geleentheid gebruik gemaak om hul vernuf te toets met die bestuur van hulle. Die driewiel het gevoel of ons op ‘n Harley Davidson ry. Andy het vir ‘n bietjie vermaak gesorg. So byna die hoekkant van ‘n ablusie kapoets gery. “(Hy het ‘n .....Marlize op homself getrek)”. Hy het toe maar aan die oorkant van die pad geparkeer om onder die wiele (voete) van die ander ryers uit te kom. Nodeloos om te sê dat dit nie gewerk het nie. Met die wegtrek ry hy die kragboks plat. ‘n Pluimpie vir die oord – toe ons terug is na die ryery was die kragboks weer staande en ten volle in werking.



Bertus Marx – braai “cheese grillers”


Worsbroodjies word botter gesmeer


Chris & Daleen Pienaar


Haarsny. Tertia besig om Annemarie nog mooier te maak.



Tannie Elmarie le Roux besig om potjie in te skep. Agter haar smul Hennie & Annemarie Engelbrecht aan hul kos.





Vlnr: Seppie & Geraldine Müller, Wynand & Betsie Theron en Janetta & Andy Toerien.

Afwesig: Daleen & Chris Pienaar (hul mos vroeër vertrek)

- Die trekker met ‘n sleepwa was vir die kampeerders ook baie lekker. Hulle het vooruit gery en die motorfietse moes hul volg. Ek is seker dat dit so beplan was, anders het die motorfietsryers beslis vinniger gery.
- Saans het die hommeltuig sy rondtes gedoen om ons veilig te hou.
- Vrydagaand is die heerlikste kaas”grillers” in ‘n broodjie voorgesit. Almal het lekker hieraan gesmul .
- Saterdagoggend was daar weer ‘n klompie wat die motorfietse aangevat het. Die ander minder “bangers” het die trekker verkies.
- Langs die kamp is daar ‘n dammetjie waar die diere kon drink. Ons was gereeld bederf om die diere van naby af te beskou.
- Laatmiddag was daar verversings en die tafels het gekreun van die lekkernye. Ons het die rugby gekyk – gelukkig het die Springbokke gewen. Daarna het ons almal gebraai en die heerlikste slaaie is voorgesit. Nodeloos om te sê dat ons nie honger was na al die verversings nie.
- Sondagoggend is die mooiste diens gelewer deur Francois. Ons het heerlik gesing.
- Na die kerkdiens het ons ‘n vrugteslaai met jellie geniet, laaste is my gunsteling poeding.

LIEF & LEED

- **LIEF:**

Dit gaan goed met die Wapadranders

- **LEED:**

Onder die omstandighede gaan dit goed met Janetta Toerien se ma asook met Lynette van Rensburg se ma.

Geraldine Müller gaan vir 2 lensvervangings en ook vir ‘n knievervanging.

Seppie Müller kry nog gereeld sy ooginspuitings.

VERJAARDAE & HUWELIKSHERDENKINGS

VERJAARDAE

	JANUARIE		FEBRUARIE		MAART		APRIL		MEI		JUNIE
14	Liam Müller	**4**	Willy Jacobs	**1**	Chris Pienaar	**22**	Dawid de Villiers	**3**	Janetta Toerien	**7**	Johan Swanepoel
24	Reinardt v Rensburg	**5**	Anandi v Rensburg	**3**	Christiaan Bezuidenhout	**24**	Hoepfner Wiese	**16**	Hannah de Villiers	**13**	Rene Müller
28	Vernon Müller	**6**	Andy Toerien			**26**	Dawie Mullins			**20**	Wynand Theron
29	Lynette v Rensburg	**8**	Elsa Wiese			**29**	Caron Swanepoel			**27**	Seppie Müller
		23	Daleen Pienaar								
		23	Chrisjan Pienaar								
		26	Betsie Theron								

	JULIE		AUGUSTUS		SEPTEMBER		OKTOBER		NOVEMBER		DESEMBER
1	Christo Bezuidenhout	**4**	David Brönn	**17**	Logan Müller	**6**	Bettie Mullins	**5**	Danie du Plessis	**13**	Sarie Bezuidenhout
1	Ruan Bezuidenhout					**29**	Elané Brönn	**10**	Andriëtte Jacobs	**22**	Eleanor du Plessis
21	Geraldine Müller									**28**	Stephanie Brönn



HUWELIKSHERDENKINGS

	JANUARIE		FEBRUARIE		MAART		APRIL		MEI		JUNIE
		12	Seppie & Geraldine	**8**	Hoepfner & Elsa	**7**	Danie & Eleanor	**22**	Vernon & Rene	**27**	Andy & Janetta
				27	Johan & Caron	**23**	Dawie & Bettie				

	JULIE		AUGUSTUS		SEPTEMBER		OKTOBER		NOVEMBER		DESEMBER
				2	Reinardt & Lynette	**4**	Wynand & Betsie	**13**	Willy & Andriëtte	**20**	Chris & Daleen
				16	David & Stephanie	**19**	Christo & Sarie				



RESEPTE

BOELIE BEEF SOUTTERT

Bestanddele:

1 Blik Bully beef

1 koppie melk (halwe koppie melk gebruik om meel aan te maak tot ‘n pasta).

3 eiers

2 eetl meel

½ teelepel droë pietersielie

1 Teelepel Mosterd

Sout en peper na smaak.

Baie kaas.

Metode: Meng alles – gooi in platbak. Rasper lekker baie kaas bo-oor en bak tot gaar by 180 grade vir ongeveer 30 minute.

Jy kan aanpas/bygooi om tert te rek: 1 gekapte ui, 1 koppie blokkies ham, 1 teelepel bakpoeier en ook 1 ekstra eier. Ek het ook 2 hardgekookte eiers opgekerf en ingegooi.

JAARPROGRAM

SAWA Wapadrand Jaarprogram 2027								
2027 Kampnaweke						2027 Kampplekke	Rigting en naaste dorp	Kommentaar
Januarie	1-3	8-10	15-17	22-24	29 - 31	Geen Wapadrand kamp nie		
Februarie	5-7	12-14	**19-21**	26-28		Dinokeng Resort	Hammanskraal Noord-Oos	Kiepersol tref reëlings **STREEKKAMP**
Maart	5-7	12-14	19-21	**25-29**		The View on Vaal	Sasolburg Suid	SAWA Paassaamtrek
April	2-4	9-11	**16-18**	23-27	30/4-2/5	Kokoriba	Beestekraal Noord van Brits	Rietvallei tref reëlings **STREEKKAMP**
Mei	30/4-2/5	7-9	**14-16**	21-23	28-30	Klipspringerkloof	Dinokeng Noord-Oos	Eie kamp **STREEKKAMP**
Junie	4-6	11-13	18-20	**25-27**		Weesgerus	Modimole Noord	Gebiedskamp Snr Burgerkamp: 28-29/6
Julie	2-4	9-11	16-18	23-25	30/7-1/8	Dinokeng Camp and Leisure	Hammanskraal Noord-Oos	Bosveld tref reëlings Snr Burgerkamp: 21-22/7 **STREEKKAMP**
Augustus	30/7-1/8	6-8	**13-15**	**20-27**	27-29	Bass Lake	Noord-Oos van Pretoria	**AJV** **STREEKKAMP**
September	3-5	10-12	17-19	**24-26**		Sionbergh	Heidelberg Suid	**Wapadrand tref reëlings** **Snr Burgerkamp 20-23/9** Nasionaal en 100+
Oktober	1-3	**8-10**	15-17	22-24	29-31	Almega	Hammanskraal Noord-Oos	**Wapadrand tref reëlings** NV (Kongres)
November	5-7	**12-14**	**19-21**	26-28		San Cha Len	Warmbad Noord	Jaarafsluiting **STREEKKAMP**
Desember	3-5	10-12	17-19	24-27		Geen Wapadrand kamp nie		
Vetgedrukte streekkampdatums is goedgekeur by die 2026 AJV.							*****Tariewe sal nog bevestig word.**	
Wapadrand Steekskampe			**Ander SAWA kampe vir streekslede**			**Langnaweke**		

2027 SKOOL KALENDER

2027 Skool Kwartale

Eerste	13 Januarie	tot	19 Maart
Tweede	6 April	tot	25 Junie
Derde	20 Julie	tot	22 September
Vierde	5 Oktober	tot	8 Desember



2027 Publieke Vakansiedae

Nuwejaarsdag	1 Jan
Menseregtedag	21 Maart
Publieke vakansiedag	22 Maart
Goeie Vrydag	26 Maart
Gesinsdag	29 Maart
Skoolvakansiedag	26 April
Vryheidsdag	27 April
Werkersdag	1 Mei
Jeugdag	16 Junie
Vrouedag	9 Augustus
Erfenisdag	24 September
Geloftedag	16 Desember
Kersdag	25 Desember
Tweede Kersdag	26 Desember
Publieke vakansiedag	27 Desember